

30 April

**Skrifgedeelte: Spreuke 9:1 – 20:13**

**Fokusgedeelte: Spreuke 1:26-27**

### **Jy maai wat jy saai**

“Wat ’n mens saai, dit sal hy ook oes. Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes” (Gal. 6:7-8). Dié waarheid sien jy in die optrede van die *onkundiges*, *grootpratery* en *swape* (Spr. 1:22-27).

Wat saai hulle? Hulle onkunde (vs. 22a), grootpratery (vs. 22b), afkeer van God se kennis (vs. 22c). Hulle luister nie na God nie (vs. 23). Hulle ignoreer God (vs. 24a). Hulle klap God se hand weg (vs. 24b). Hulle slaan die Here se raad in die wind (vs. 25a). Hulle laat hulle nie tereg wys nie (vs. 25b).

*Wat oes hierdie mense?* Ongeluk tref hulle soos ’n orkaan (vs. 26a, 27c). Angs oorval hulle soos ’n storm (vs. 26b, 27b). Nood en kwelling kom oor hulle (vs. 27a).

Die lyding, sterwe en opstanding van Jesus Christus bring dié troos: Wat ek gesaai het, het Jesus geoes. Wat Jesus gesaai het, oes ek. Mense wat onreg plant en moeilikheid saai, oes dit ook (Job 4:8). Christus sê: “Wie My verwerp en nie my woord aanneem nie, het reeds iets wat hom veroordeel: die woorde wat Ek gespreek het” (Joh. 12:48).

Jou lewensdade het gelykluidende gevolge. Jou lewensoptrede loop uit op resultate wat by die dade pas. Wie dan onder die gevolge van sy sonde gebuk gaan en daardeur vernietig word, moet nie ’n vinger na God wys en die Here beskuldig dat Hy onregverdig is nie. Dié een enkele waarheid staan soos ’n paal bo water: wat ’n mens saai, dit sal hy ook oes!!

Sing: Psalm 28:4

Dr. CN van der Merwe (Emeritus)